

**VERSLAG VAN KWANALU SE KONGRES  
GEHOU OP DONDERDAG 7 SEPTEMBER 2017  
BY DIE ROYAL SKOU, PIETERMARITZBURG**

**20<sup>ste</sup> Verjaardag (19<sup>de</sup> Kongres)  
KONGRESTEMA  
“Baanbrekers vir transformasie”**



**1. Registrasie**

**2. Verwelkoming**

Die voorsitter, mnr. Andy Buchan, het die vergadering tot orde geroep. Hy het die gaste verwelkom, waaronder die vorige presidente Fred Visser, Walter Ntuli, Robin Barnsley, Brian Aitken en Michael Black, sprekers Johannes Möller, Agri SA President, en Max du Preez, Henk van Wyk, voorsitter van Agri SA se provinsiale kamer, Andries Geysler, voorsitter van die NLU Trust, Jannie de Villiers, HUB van Graan SA, dr. Thulasizwe Mkhabela, waarnemende HUB van die Agribesighede Ontwikkelingsagentskap KZN, 2017, Jongboerfinaliste, verteenwoordigers van Toyota SA Motors (borge van die Jongboerkompetisie), studente van Future Farmer Stigting, Cedara Landboukollege, Owen Sithole Landboukollege en Weston Landboukollege, verteenwoordigers van borge, lede van die pers, regeringsamptenare, Kwanalu-afgevaardigdes en lede.

Verskonings is in die bywoningsregister aangeteken.

**3. Opening**

Die voorsitter het Ralf Küsel versoek om die verrigtinge te open. Mnr. Küsel het 'n kort storiëtjie vertel oor twee vriende wat 'n brug gebou het om te help om skeure in die pad te herstel. Hy het lede aangemoedig om brûe te bou.

**4. Mosies**

Die voorsitter het die kongres versoek om 'n oomblik stilte te handhaaf ter herinnering aan diegene wat geliefdes aan die dood afgestaan het, sowel as diegene wat slagoffers van misdaad was sedert die kongres in 2016.

**5. Konstituering van die kongres**

Die HUB, me. Sandy La Marque, het bevestig dat daar behoorlik kennis van die kongres gegee is. Met die verteenwoordigende afgevaardigdes teenwoordig, is 'n kworum gevorm en die kongres is behoorlik gekonstitueer.

**6. President se toespraak**

Die voorsitter het sy presidentsrede aan die kongres voorgelê. 'n Afskrif daarvan word aan die lêerafskrif van die verslag geheg.

Hy het dit as 'n eer en 'n voorreg beskryf om Kwanalu-lede tot diens te wees en hy het gesê Kwanalu se sukses kan toegeskryf word aan die beginselvaste benadering wat gevolg word om die gesamentlike belange van sy lede te verteenwoordig.

Hy het gesê die afgelope jaar sal onthou word vir die vele uitdagings wat dit ingehou het en die onsekere omgewing waarin die sektor gehul was, wat grootliks toegeskryf kan word aan 'n tanende ekonomie, politieke tirannie en onvoorspelbare weerpatrone. Die uitmergelende droogte en sinnelose vlaag van wrede plaasaanvalle en -moorde sal in die gedagtes van baie van die betrokkenes afgeëts bly.

Daar was ongelukkig algemene instemming dat Suid-Afrika se grondhervormingsprogram nie daarin kon slaag om sy doelwit te bereik nie en daar was min of geen verbetering sigbaar in die lewensbestaan van die begunstigdes nie. Hy het gesê die doelwit van grondhervorming was om selfonderhoudende boere daar te stel wat in staat sou wees om by te dra tot die voedselsekerheid van hulle gesinne, gemeenskappe en die ekonomie in die geheel. Kwanalu

erken die behoefte aan grondhervorming, maar die verkryging van grond sonder ondersteuning tot 'n volhoubare lewensbestaan, is afbrekend en tot mislukking gedoem.

In sy volgehoue strewe om sterk argumente daar te stel vir drukuitoefening in belang van sy lede, sal Kwanalu voortgaan om die regering aan te spreek oor gebrekkige beleidsvoorstelle. Huidige voorgestelde wetgewing is 'n bedreiging vir eiendomsregte en grondhervorming en indien dit deurgevoer word, sal dit groei in die landbousektor belemmer.

Hy het daarop gewys dat verskeie inisiatiewe regdeur die provinsie om transformasie te bespoedig, bewys het dat dit duidelik is dat boere die noodsaak tot verandering verstaan en dat hulle gewillig is om volhoubare grondhervorming te bevorder.

Hy het gesê die landbou se toekoms lê in sterk, beginselvaste en onbaatsugtige leierskap. Kwanalu is toegewy tot die ontwikkeling van beter kommunikasie met sy lede en die daarstelling van verhoogde openbare bewusmaking van suksesvolle inisiatiewe wat deur boere aan die dag gelê word. Hy het boere aangemoedig om die bestaande kommunikasieplatforms te gebruik om op hoogte van deurlopende ontwikkelings te bly.

Hy het gesê kriminaliteit in all vorme ondermyn vertroue in die landbousektor.

Hy het gesê die belangrikheid van die landbou vir die ekonomie word weerspieël in die bydrae daarvan tot die tweede kwartaal van die jaar se groei en volgens hom is daar talle vooruitsigte tot groei as ons gewillig is om toe te stem tot verandering en die geleenthede wat hulle voordoën, met albei hande aangryp.

Hy het gesê die veerkrag en vernuf wat deur lede aan die dag gelê word, sal gemeenskappe in staat stel om die belonings wat sukses bied, onderling te deel.

Hy het Kwanalu se Raad, die Bestuurskomitee en Kwanalu se lede bedank vir hulle ondersteuning aan en verbintenis tot die gesamentlike navolging van Kwanalu se doelwitte en ook aan hulle gesinne.

Die visepresident, Phineas Gumede, het die President vir sy rede bedank. Hy het gesê die toespraak het soveel sake uitgelig wat in landbou in Suid-Afrika ondervind word. Hy het gesê geen nasie kan sterk staan sonder boere nie. Hy het Kwanalu en sy personeel geluggewens met alles wat hulle doen en voorgestel dat die President se rede aanvaar word.

## **7. Jaarverslag 2016/2017**

Die HUB het die kongres toegesprek en van die sake uitgelig wat gedurende die afgelope jaar onder die loep gekom het. 'n Afskrif van die voorlegging is aangeheg aan die lêerafskrif van hierdie verslag.

## **8. Finansiële State vir die jaar geëindig 30 Junie 2017**

Die President het me. La Marque versoek om die finansiële state voor te lê. Afgevaardigdes was reeds in besit van die state. Sy het die state met die vergadering bespreek. Sy het gesê die Raad en die Bestuurskomitee bestudeer die state by elkeen van hulle vergaderings as deel van hulle vertrouens- en beheerverantwoordelikhede. Sy het gesê Kwanalu voldoen aan vereistes en beoefen die korrekte finansiële praktyke. Sy het die aanmerkings op die notas ten opsigte van die state verduidelik.

## **9. Jaarlikse ledegeld & begrotingsvoorstel**

Die HUB het die voorgestelde Inkomste- en Uitgawe vir die jaar eindigende 2017 voorgelê. Sy het verwys na die begroting wat 'n verlies van R157 132 toon en het daarop gewys dat daar tydens die hersieningsproses deur die Raad en die daaropvolgende debat oor die aangeleentheid deur die Raad besluit is dat geen bykomende inkomste ingevorder sou word nie en dat dit moontlik sou wees om die verlies gedurende die jaar te verhaal. Die standpunt was dat 'n lid-gedrewe organisasie geheel en al deur ledegeld befonds moet word. Die HUB het die kongres ingelig dat, ingevolge Kwanalu se grondwet, die Raad van Direkteure ledegeld vir die jaar 2018/2019 vasgestel het.

Dit sal wees:

- Hoofstroomlede (BTW ingesluit)
  - R2 688.50 indien ontvang teen 30 September 2018 of R2 830.00 indien daarna ontvang
- Medium lede (BTW ingesluit)
  - R1 344.25 indien ontvang teen 30 September 2018 of R1 415.00 indien daarna ontvang
- Voorheen benadeelde boere (BTW ingesluit)
  - R386.00

Die voorsitter het die vloer oopgestel vir vrae, maar geen vrae is gevra nie.

## 10. Aanvaarding

Mnr. P. J. Hassard het me. La Marque en haar span geluk gewens met 'n uitstekende stel boeke. Hy het die HUB en personeel bedank vir die werk wat hulle met 'n baie beperkte begroting verrig. Hy het voorgestel dat die jaarverslag, finansiële state en die begroting aanvaar word.

Die finansiële state, begroting en jaarverslag is gesecondeer en eenparig **AANVAAR**.

## 11. Konstitusionele wysigings

Die President het gesê dat daar van tyd tot tyd veranderinge aan die grondwet gemaak moet word. Hy het me. Lisa Robertson versoek om die voorgestelde wysigings aan die grondwet voor te lê.

Me. Robertson se motivering is aangeheg aan die lêerafskrif van hierdie verslag.

Die voorgestelde wysigings is:-

Wysiging 6. AFFILIASIE  
Die Unie mag geaffilieer word by sodanige verteenwoordigende ~~boere~~-organisasies soos wat van tyd tot tyd deur die Raad van Direkteure bepaal mag word. - aanvaar

Wysiging 11.2 Hou van kongres  
11.2.1 Die President, of die beampte wat as sodanig waarneem, sal **tweejaarliks** 'n kongres byeenroep wat sal plaasvind by 'n sentrum soos deur die Raad bepaal sal word.

Wysiging 11.2.2 Die ~~jaar~~ kongres sal binne **vier** maande vanaf die finansiële jaareinde van die Unie byeengeroep word en elke geaffilieerde liggaam sal ten minste 90 dae kennis ontvang van die datum en plek van die kongres. Die agenda vir die kongres sal ten minste 30 dae voor die aanvang van die kongres deur die Hoof Uitvoerende Beampte aan elke afgevaardigde en aan elke geaffilieerde liggaam gestuur word. Kennis sal skriftelik geskied deur gebruik te maak van elektroniese of gewone pos en sal geag word as gegee op die dag van versending.

Wysiging 13.3.2 Twee afgevaardigdes, een uit die groot en een uit die voorheen benadeelde kategorieë, sal aangewys word uit elk van die distriksmunisipaliteite wat by die naam genoem sal word. **Die dienstermyn sal nie langer as 'n tydperk van 4 jaar wees nie.**

Wysiging 13.4.8 Die dienstermyn van beamptes en raadslede sal in werking tree vanaf ~~afsluiting van die kongres~~ **die eerste raadsvergadering wat na afsluiting van die finansiële jaar gehou sal word.**

Wysiging 15.5 Die Raad sal 'n jaarverslag voorlê ter ~~om 'n verslag aan die kongres voor te lê~~ opsomming van die Unie se werksaamhede gedurende die vorige **finansiële** termyn. ~~en dit sal aan all geaffilieerde liggame en aan alle afgevaardigdes na die kongres versprei word.~~

Wysiging 19.2 ~~Afskrifte van die jaarlikse beramings en die relatiewe aanbevelings sal aan alle geaffilieerde liggame en aan alle afgevaardigdes na die kongres versprei word.~~

Wysiging 19.4 Na die einde van die Unie se finansiële jaar, sal 'n staat van alle inkomste- en uitgawes wat gedurende die jaar plaasgevind het en 'n balansstaat soos aan die einde van die jaar, voorberei en geouditeer word en 'n **opsomming daarvan sal by die jaarverslag ingesluit word.**~~aan alle affiliasies versprei word, tesame met afskrifte vir die auditeursverslag en afskrifte van die Raad se verslag.~~ Die balansstaat en verslag sal namens die Raad onderteken word deur die Hoof Uitvoerende Beampte en die President of andersins soos deur die Raad gemagtig mag word.

Wysiging 27.4 Merietesertifikaat  
Die Raad mag, ~~op aanbeveling van 'n boerevereniging,~~ 'n merietesertifikaat uitreik aan 'n ~~lid van 'n boerevereniging~~ persoon wat verdienstelike werk in georganiseerde landbou verrig het. ~~op plaaslike vlak.~~ - aanvaar

Me. Robertson het die aanvaarding van die wysigings aan die grondwet voorgestel.

Mnr. Robin Barnsley het die mening uitgespreek dat die kongres jaarliks eerder as tweejaarliks gehou moet word. Rolf Konigkramer, Kranskop Boerevereniging het die vierjaardienstermyn vir raadslede bevestig en dit as beperkend beskryf. Peter Stockil het saamgestem en hy het gesê Kwanalu sal later nie oor voldoende werkkrag beskik om die werk te doen nie. Hy was van mening dat vier jaar te kort is. Wolfgang Rommelspacher, New Hanover Landbouvereniging, het gesê die definisie – voorheen benadeelde persone behoort nie in die grondwet verskans te word nie en dat 'n jaarverslag belangrik is. Lindiwe Madonsela van Mahlabathini DFA het die voorstel van die eerste spreker gesekondeer. Sy was van mening dat Kwanalu meer sigbaar behoort te wees en dat die kongres 'n platform is waar Kwanalu en sy werksaamhede ten toon gestel kan word.

Na die bespreking oor die konstitusionele wysigings het die President gevra of die kongres instem tot die aanvaarding van die wysigings aan paragrawe 6 en 27.4. Dit is **aanvaar**.

Daarna het die President die kongres versoek om die Raad te versoek om die voorgestelde wysigings aan die ander paragrawe te hersien vir oorweging by die volgende kongres, in die lig van die feit dat dit beter sal wees om dit verder te ondersoek.

## 12. Oorhandiging van toekennings

Mnr. PJ Hassard het die eerste toekenning oorhandig aan:-

- Mnr. Hendrik Botha  
Hy het die kongres ingelig oor die verdienstelike werk wat mnr. Botha in georganiseerde landbou doen en daarna het hy mnr. Botha gevra om 'n verdienstelike toekenning in ontvangs te neem.

Mnr. Botha het die President vir die toekenning bedank. Hy sê hy het Kwanalu se inwydingskongres bygewoon en daarom is dit 'n spesiale tyd vir hom. Hy het lede aangemoedig om vorentoe te kyk en God te dien. Hy het Kwanalu bedank vir die toekenning.

Die voorsitter het 'n verdienstelike toekenning oorhandig aan:-

- Mnr. Mike Black.  
Hy het die kongres ingelig oor mnr. Black se diens aan georganiseerde landbou en het verklaar dat hy groot respek vir hom het. Hy het mnr. Black bedank vir baie ure wat hy vir Kwanalu opgeoffer het en het 'n verdienstelike toekenning aan hom oorhandig uit erkenning en dank vir verdienstelike werk gelewer aan georganiseerde landbou.

Mnr. Black het geantwoord dat dit 'n voorreg is om in die voetspore van vorige presidente te loop en om saam met die personeel van Kwanalu en die President te werk. Hy het gesê leierskap gaan nie net oor gee nie, maar dat die voordele baie meer as die nadele is. Hy het gesê dit bied aan 'n mens die kans om jou toekoms uit te lê en 'n mens maak lewenslange vriende. Hy het 'n beroep op lede gedoen om betrokke te raak en so 'n verskil te maak. Hy het Kwanalu bedank vir die toekenning.

- **#trotseKZNboer fotokompetisie**

Me. Sandy La Marque het die kongres meegedeel dat 'n fotokompetisie die afgelope jaar gehou is waar lede moes wys wat hulle trots maak om 'n KZN-boer te wees. Die kompetisie is deur sewe beoordelaars beoordeel en hulle het vyf finaliste aangewys. Sy het aangekondig dat mnr. Tyson Zunckel die wenner van die kompetisie is. Die President het sy prys aan hom oorhandig.

- **Jongboer 2017**

Me. Sandy La Marque het verduidelik hoe die kompetisie werk. Sy het gesê dit is die 9<sup>de</sup> jaar wat die kompetisie plaasvind. Sy het die maatstawwe vir deelname aan die kompetisie verduidelik en haar dank uitgespreek teenoor Toyota SA, wat die kompetisie borg. Sy het die finaliste aan die kongres voorgestel:-

- Lloyd Dent van Donnybrook, 'n suiwelboer en Ross Lowe van Richmond, wat met kiwivrug, kool en aartappels boer.

Mnr. Graham Smith, 'n verteenwoordiger van Toyota SA, die hoofborg van die Jongboerkompetisie, het die kongres toegesprek. Hy het Kwanalu bedank vir die geleentheid om deel te wees van die kompetisie en het hulle trots uitgespreek om betrokke te wees. Hy het gesê Toyota SA het 'n lang verhouding met die boerderygemeenskap en hy het die boerderygemeenskap bedank vir die vertroue wat in hulle produk gestel word. Hy het gesê die landbou is die bewaker van natuurlike hulpbronne. Toyota SA het Ross Lowe en ander jong boere bedank vir hulle betrokkenheid by die landbou.

Mnr. Ross Lowe het die toekening as Jongboer 2017 ontvang.

### 13. **Kwanalu se verjaardaguitdaging**

Die President het Andy Mason versoek om die inisiatief - 1 minuut vir elke jaar = "20 minute van transformasie" aan die kongres voor te lê

Voorstel vir die begin van 'n 20-minute-veldtog:-

Ter viering van Kwanalu se 20<sup>ste</sup> verjaardag, begin ons met 'n inisiatief genaamd "**20 minute van transformasie**", wat 'n beroep doen op alle KZN-boere en hulle gesinne om op 24 April 2018 – die datum waarop Kwanalu 20 jaar gelede tot stand gekom het, 20 minute van hulle tyd terug te gee.

Die inisiatief, wat deur die onderskeie verenigings beheer sal word, doen 'n beroep op boere om hulle tyd en vaardighede vir 'n minuut vir elke jaar van die Unie se bestaan (d.i. 20 minute) te skenk deur aan 'n projek in hulle plaaslike gemeenskap deel te neem gedurende April 2018.

Voorbeelde van projekte sluit in aanlê van 'n gemeenskapsgroentetuin en die plant van plantjies, die insameling/skenk van boeke vir 'n biblioteek by die plaaslike skool of die skenk en installering van 'n Jo-Jo-tenk – die gedagte is dat elke distrik die behoeftes in hulle plaaslike gemeenskap sal bepaal. Kwanalu se kantoor sal in aanraking bly met elke vereniging om op hoogte van hulle inisiatiewe te bly en om te verseker dat die geskiedkundige oomblikke wat 'n verskil sal maak, vir altyd vasgelê word.

Hy het die inisiatief verwelkom en het elkeen van sy mede-boere uitgedaag en aangemoedig om deel te word daarvan.

### 14. **Erkenning aan borge**

Die HUB het die borge bedank vir hulle ruim bydraes en voortgesette skenkings, asook hulle ondersteuning aan die kongres.

### 15. **20<sup>ste</sup> verjaardagtee**

Die kongres het verdaag vir tee.

**16. Mnr. Johannes Möller, Agri SA President**  
**Waar plaas ons onself in 'n hedendaagse transformerende Suid-Afrika?**

Die President het mnr. Möller aan die kongres voorgestel. Mnr. Möller het Kwanalu gelukgewens met sy 20<sup>ste</sup> verjaardag en die President en me. La Marque met haar terugvoer.

Tydens sy toespraak het mnr. Möller aandag geskenk aan huidige realiteite in Suid-Afrika wat 'n uitwerking het op die landbousektor, onder andere:

- Die huidige ekonomiese realiteite en die impak daarvan op produsente en hulle produkte
- Handels- en ekonomiese struikelblokke
- 'n Gebrek aan samehangende ekonomiese beleidsrigtings
- Die probleem om 'n balans daar te stel tussen maatskaplike samehang en nakoming
- Werkloosheid wat lei tot kriminaliteit
- Drukuitoefening op volhoubaarheid, winsgewendheid en voedselsekerheid
- Bedreigings, politieke wangebruik en misbruik van natuurlike hulpbronne, soos
  - Grond
  - Water
  - Die kompleksiteit en mededinging tussen mynbou en landbou
  - Verstedeliking
  - Ens.
- Globalisering en internasionale realiteite, byvoorbeeld industriële rewolusie, proteksionistiese bewegings, ens.

Hy het voorts verduidelik dat Agri SA 'n organisatoriese herstrukturering ondergaan om homself te moderniseer en meer relevant te laat word. Agri SA se kernbesigheid sal op politieke en verwante sake gefokus bly en hy sal ook die leiding neem ten opsigte van bepaalde sake. Daar word egter beoog om 'n groter rol te speel in die suksesvolle hantering van sake soos natuurlike rampe, transformasie, ens. en meer doeltreffende werksaamhede sal volg. Verdere ondersoek in die verband sal by die kongres in Oktober gedoen word. Hy het boere verseker dat Agri SA steeds 'n leidende rol in beleidsontwikkeling sal speel.

Die President het mnr. Möller bedank vir sy toespraak.

**17. Mnr. Max du Preez, veteraanjoernalis, politieke kommentator en koerantskrywer**  
**Waar plaas ons onself in 'n hedendaagse transformerende Suid-Afrika?**

Die President het mnr. Du Preez aan die kongres voorgestel.

Bekroonde joernalis, anti-apartheid aktivis en politieke kommentator, Max du Preez het na boere verwys as “die bewaarders van ons grond en produsente van ons voedsel” en hy het uitvoerig gepraat oor die wyd beredeneerde onderwerp van grondhervorming. Mnr. Du Preez het aangevoer die verplasing van grond in SA is 'n historiese feit en 'n emosionele saak wat deur trots aangevuur word. Hy het gesê dit gaan nie in die eerste plek om die landbou nie. Hy het beklemtoon dat dit daarom nie wys sou wees om 'n aggressiewe benadering ten opsigte van grondhervorming jeens die regering te volg nie omdat dit net op die landboubedryf sal “boemerang.” Daarteenoor, het hy boere aangemoedig tot meer gesprekvoering en hy het groter strategie as oplossing aangevoer. Hy het bygevoeg dat die moderne definisie van grondeienaarskap wegbeweeg het van 'n statussimbool en dat dit nou gaan om voedselproduksie en werkverskaffing.

“Boerdery het 'n besigheid geword – daar is nie meer plek vir emosie of nostalgie nie,” het mnr. Du Preez gesê.

Hy het ook 'n oorsig gebied oor huidige politieke neigings, gebeure en moontlike scenario's oor die uitkomst in die land gedurende die komende paar maande. Hy is vol vertroue dat die land kan verbeter indien die regte veranderinge aangebring word.

Die President het mnr. Du Preez bedank vir sy toespraak.

## 18. **Paneelbespreking**

Mnr. Rolf Konigkramer, Kranskop Boerevereniging, het gevra as alle plase gevat word en boere moet grond huur, oor watter aanvullende sekuriteit of kollateraal sal hulle beskik. Hy het gesê dit sal 'n ramp wees. Indien 'n hervormende regering aan bewind kom, dink u die radikale eerder as die ideologiese sal oorweging geniet?

Mnr. Du Preez het geantwoord en gesê dat boere die huurgedagte as 'n opsie in hulle agterkoppe moet hou, maar dat verblyfregsekerheid uiters belangrik is. Die regering praat van radikale ekonomiese transformasie maar groei moet plaasvind omdat niks sonder ekonomiese groei herversprei kan word nie.

Mnr. Möller het geantwoord dat hy van mening is dat die landbou sterker moet word en meer betrokke moet raak by alle onderhandelings. Leiding moet met behulp van watter middele ook al geneem word, veral deur van litigasie gebruik te maak as 'n laaste uitweg. Hy het gepraat van die noodsaak tot die daarstelling van 'n "noodfonds" om Agri SA in staat te stel om namens boere op te tree om 'n presedent te skep oor sake waar beleid teen die sektor aangewend word. Hy het aangedui dat 'n veldtog van stapel gestuur sal word en dat elke boer versoek sal word om R1 000 tot hierdie "noodfonds" by te dra.

'n Verteenwoordiger van Santam wou weet of daar 'n manier is om die lewensbestaan van plaaswerkers in die landbousektor te verbeter en hoe kan dit gedoen word.

Mnr. Möller het gesê dit is moontlik om die lewensbestaan van plaaswerkers te verbeter en die eerste ding wat onder andere, gedoen moet word, is om hulle produktiwiteit te verbeter.

Mnr. Ralf Küsel, Paulpietersburg/Lüneburg Boerevereniging het gesê mnr. Möller kritiseer die regering redelik erg. Hy het na die nuwe kamers in Agri SA verwys en wou weet of daar nie 'n kamer moet wees vir onderhandeling met die regering nie.

Mnr. Möller het geantwoord dat alhoewel hy die regering kritiseer, Agri SA onderhandeling verkies maar hy het gesê dat mens jou soms tot litigasie moet wend.

Verskeie vrae oor potensiële politieke uitkomst is bespreek.

Die sessie is afgesluit nadat geen verdere vrae gevra of kommentaar gelewer is nie.

## 19. **Mnr. Batman Lungelo, Future farmer, tans bestuurder van 'n plaas in Zwartberg**

Die President het Batman Lungelo aan die kongres voorgestel.

Mnr. Lungelo het Kwanalu bedank vir sy ondersteuning aan die Future Farmers Stigting en die rol wat individuele boere speel om hande te vat met ontwikkelende toekomstige boere. Hy het gesê die geleentheid wat hom gebied is, was lewensveranderend – hy het grootgeword in 'n baie landelike en arm gemeenskap en het gevorder tot bestuurder van 'n groot boerderyonderneming. Hy het gesê boere word geleentheid gebied om mense se lewens te verander. Hy het aan die kongres vertel hoe hy sy pad oopgewerk het deur saam met boere te werk. Hy glo daar is 'n toekoms in die landbou en hy het sy dank uitgespreek teenoor al die boere wat hom gehelp het om te groei. Hy het boere aangemoedig om hulle werkers op te voed oor die realiteite in boerdery en hy het gesê boere moet werkers leer en met hulle hande vat om die landbou die toekoms in te neem.

## 20. **Mnr. Anthony Goble, Nasionale Jongboer van die jaar 2015**

Die President het Anthony aan die kongres voorgestel

Mnr. Goble het gevra: hoekom boer ons? Hy het sy en sy gesin se diep passie en liefde vir die boerdery met die vergadering gedeel en gesê dat dit baie meer voordele as nadele inhou. Hy het ook gesê boere moenie meer na die nuus kyk nie. Dit is altyd negatief en dikwels nie akkuraat nie. Dit oorheers mens se gedagtes en bepaal jou standpunte en hoe mens moet boer. Boerdery is soos rugby, dit is 'n spansport en daar is plek vir jou, ongeag jou vaardighede, daar is plek vir jou in die landbou. Die landbou bied ruimte aan elke soort werk.

Vandat hy In 2004 teruggekom het vanaf Rhodes, het hy sy inkomste meer as verdriedubbel. Hy het uitgebrei en met makadamias en piesangs begin boer. Volgens hom is dit nie 'n goeie ding om oor die draad te loer nie. Hy omring hom met 'n suksesvolle span en goeie personeel.

Sy boodskap was om nie bekommerd te wees oor dit wat buite jou beheer is nie, maar dat jy moet onthou God sal jou nie meer gee as wat jy kan hanteer nie. Hanteer sake met kalmte en geduld. Hy het gesê geleenthede ten opsigte van huurgrond en uitbreiding het op sy pad gekom. Hy is altyd op die uitkyk na volhoubare langtermyn geleenthede. Haal die beste uit projekte en lesse wat geleer is om dinge te laat werk. Ons moet dink aan vennootskappe waar albei partye waarde na die tafel bring en ooreenkomste aangaan. Volgens hom sal tegnologie ons nie red nie, maar dit sal ons help.

Hy het gesê boere het baie deursettingsvermoë en dat hulle in die toekoms altyd maniere sal vind om dinge te hanteer. Hy het boere aangemoedig om geleenthede in elke situasie te soek, oopkop, geduldig te wees, doelgerig te handel en altyd jou hande op die stuur te hou.

## **21. Afsluiting deur die President**

Die President het al die sprekers vir hulle toesprake bedank.

Mnr. Buchan het die afgevaardigdes en waarnemers bedank vir hulle teenwoordigheid, die beamptes, gaste, media en borge vir hulle volgehoue ondersteuning en in besonder, Kwanalu se personeel vir hulle toewyding en harde werk.

Hy het gesê die boodskap wat hy vandag gekry het, was wat georganiseerde landbou vir hom en sy mede-boere doen. Hy het boere herinner dat hulle Kwanalu is en hulle betrokkenheid maak Kwanalu sterk en verenig hulle. Kwanalu se krag is die resultaat van die samewerkende optrede van elke individu. Hy het boere aangemoedig op grond van die beginsel van saai en maai. Die uitdaging is nie wat ek vir my geld kry nie, maar wat ek doen om my plek 'n beter plek te maak.

Hy het die kongres afgesluit deur Kwanalu se benadering vir die toekoms op te som as: -

- Kwanalu sal voortgaan met 'n ingeligte benadering, hom op 'n verantwoordelike, etiese en professionele wyse gedra en nie van ons mandaat van 'n sektor-spesifieke fokus in die landbou afwyk nie.
- Kwanalu sal voortgaan om die regte van sy lede te beskerm en sal nooit die regte van lede prysgee tydens onderhandelinge nie.
- Kwanalu sal 'n inklusiewe meervoudige benadering volg en al die rolspelers in ons sektor betrek by die aanspreek van kwellinge van ons lede,
- Kwanalu moet oplossinggedrewe wees en sal met integriteit en sonder kompromie, saamwerk met Agri SA en al sy affiliasies en lede om te poog om volhoubare oplossings te vind en te implementeer.
- Kwanalu is verbind tot samewerking met die boer en langs die boer vir die boer in sy soeke na 'n beter lewe vir almal.

Hy het afgesluit deur te sê dat hy hoop het vir die landbou, vir boere en vir Suid-Afrika. God hou die land in sy hand en ons moet nooit hoop verloor nie.

Hy het die kongres afgesluit met gebed en 'n tafelgebed. Die President het die vergadering om 14:10 afgesluit.

### **Kwanalu**

Posbus 100123

3209 **SCOTTSVILLE**

Tel: 033-342 9393

Faks: 033-345 7141

e-pos: [info@kwanalu.co.za](mailto:info@kwanalu.co.za)

11 September 2017